VERJAARSDAE DEUR DIE VAKANSIE

10 Des Rina Coetzee (Belydend)		0169768128
11 Des Janneke Schrap (Belydend)	**80jr**	**0169766812**
12 Des Philip Kruger (Belydend)		0169764559
14 Des Marthe Van Dyk (Doop)		0169736118
15 Des Larissa Joubert (Doop)		0169711591
16 Des Noleen Thirion (Belydend)		0169763156
17 Des Cindy Beukes (Belydend)		0169731628
22 Des Kirsty Jacobs (Belydend)		0169763788
23 Des Werner Roos (Belydend)		0837188581
24 Des Jan Duvenage (Belydend)		0835615965
27 Des Franco Kruger (Belydend)		0723915115
29 Des Herman Potgieter (Doop)		(Corné)0828241151
29 Des Deidre Smith (Belydend)		0169605396
29 Des Nicolene Wheeler (Belydend)		0735255956
1 Jan Annerie Joubert (Belydend)		0169711591
1 Jan Flip Lombaard (Belydend)		0169732344
1 Jan Freda Redelinghuys (Belydend)		0169733148
2 Jan Lee-Anne Kirsten (Doop)		0169733839
3 Jan Dirk Kotze (Belydend)		0169603250
4 Jan Eugene Rudman (Belydend)		0169766405
6 Jan Nicole Koekemoer (Belydend)		0169765094
7 Jan Riaan Kotze (Belydend)		0832837910
10 Jan Hannes Coetzee (Belydend)		0828282605
11 Jan Sophia Van der Walt (Belydend)	**84 jr**	**0169762443**
12 Jan Ruwan Rudman (Doop)		0169766405



Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

9 DESEMBER 2018



Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Di-Vry 9:00-12:00 016 976 7785
epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK C

Kollekte by deure: Deputate Jeugsorg
Kollekte onder diens: Barmhartigheid

WOORDBEDIENING

Luk 5:1 - 11 (83 Vertaling)
Fokusverse: Luk: 5:8 - 11 (83 Vertaling)

Tema: Om werklik 'n dissipel van Jesus te word.

- Alhoewel Petrus, Johannes en Jakobus van Jesus bewus was, en Hom bewonder het, het hulle tot op hierdie dag met hulle gewone lewe aangegaan.
- Die spesifieke dag het dit nie so goed met hulle gegaan nie – hulle het die hele nag op die see geswoeg en niks gevang nie (v. 5).
  - Petrus-hulle wou op daardie stadium sekerlik net huis toe gaan, en ietsie gaan eet, en dan gaan slaap!
- Maar nou staan Jesus hier by hulle, waar hulle besig is om hulle nette uit te spoel, en Hy het sy hande vol (v. 1).
- Jesus vra van Petrus hulp, al is hy moeg, en al is dit nie geleë nie (v. 3).
  - Soms vra God ook van ons dienswerk, al as ons moeg, en nie lus nie, en al is dit nie geleë nie.
- As Jesus klaar is met sy preek, dan gee Hy nog 'n opdrag: "*Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang.*" (v. 4).
- Petrus is moeg en moedeloos en wil huis toe gaan, en daarom protesteer hy. (v.5)
- Maar hy gehoorsaam tog!
  - En dan gebeur 'n wonderwerk! Gehoorsaamheid bring resultate (v. 6 – 7).
- Petrus se reaksie toe hy die groot klomp visse sien: "*Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens.*" (v. 8)
  - Hy besef Jesus is ook waarlik God.
  - Hy besef sy eie sondigheid in die teenwoordigheid van die lewende God.
- Jesus se vertroostende antwoord: "*Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.*" (v. 10).
  - Hy hoef nie bang te wees nie want deur Jesus se werk word sy sondes vergewe.
  - Jesus roep Petrus om 'n visser van mense te word. Hy roep ook my en jou om vissers van mense te word.
- Petrus, Johannes en Jakobus laat alles agter, en word dissipels / volgelinge van die Here Jesus, in die volle sin van die woord (v. 11).
  - Daar is 'n reuse verskil tussen 'n bewonderaar van Jesus, en 'n ware dissipel van Jesus!

JAAPROGRAMME

Vandag is laaste geleentheid om Jaarprogramme 2019 **na diens** aan te koop teen R10.00. Sou u 'n gratis elektroniese weergawe wou hê, stuur boodskap aan Colleen by 082 855 4769 of epos admin@gksasolburg.co.za.

SUSTERSAAMTREK – 2 MAART 2019

Die Sustersaamtrek is basies om die draai omdat daar 'n lang vakansie tussenin is. Dit is waarlik 'n voorreg om die geleentheid te kan aanbied en ons sussies in Christus te kan onthaal, te bederf en geestelike te voed. Tans het ons hierdie voorreg elke nege jaar. Ons is baie opgewonde oor die spreekster – Lindie Strydom – wat gaan gesels oor Om-gee-wingsbewustheid. Ek hoop dat elke Suster van ons gemeente opgewonde voel oor die Saamtrek en lus voel om betrokke te wees.

Laat weet asb as jy kan help met die volgende vir die Saamtrek.

1. Ons gaan a "Vintage high tea" hou en benodig baie 2-vlak of 3-vlak koekstaanders, sodat ons nie hoef te huur nie. Indien jy een het wat ons kan leen kan jy asb vir Jacqueline 071 683 2472 laat weet.
2. Vintage dekor – ou boeke, tasse, hoede ens. Laat weet vir Jeanne Muller 082 773 1993.

Indien jy meer betrokke wil raak, kan jy gerus met Jacqueline kontak – areas waar betrokke kan raak sluit in: dekor, spyseniering, take away pakkies, ontbyt pakkies, geskenkies, drinkgoed…
Sal nader aan die tyd reelings deurgee t.o.v dek van tafels ens.

KERKLIGTE

Soos almal seker al opgemerk het, hang daar splinternuwe ligte in die kerk. Daar was al 'n paar navrae oor die aankoop van die ou ligte, en is besluit dat die ou ligte verkoop sal word teen R140.00 elk en R170.00 met die gloeilamp in. Dit sal verkoop word op grond van "eerste kom eerste koop". Persone kan met PJ Gouws kontak maak by 0794928404 of Sandra vd Sandt by svdsandt@gmail.com. Hulle is Woensdae en Vrydae tussen 9-12 by die kerk waar dit verkoop sal word.

IETS NUUTS

Hierdie is die laaste Iets Nuuts vir 2018.
Ons wens almal 'n geseënde Christusfees, en 'n voorspoedige 2019 toe. Almal wat op die paaie is, bid ons julle veiligheid toe.